



**higher education
& training**

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NATIONALE CERTIFIKAAT PERSONEELOPLEIDING N5

20 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	C		
	1.1.2	A		
	1.1.3	D		
	1.1.4	B		
	1.1.5	B		
	1.1.6	B		
	1.1.7	C		
	1.1.8	D		
	1.1.9	C		
	1.1.10	B		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	J		
	1.2.2	C		
	1.2.3	E		
	1.2.4	G		
	1.2.5	B		
	1.2.6	D		
	1.2.7	A		
	1.2.8	F		
	1.2.9	H		
	1.2.10	I		
			(10 × 1)	(10)
1.3	1.3.1	Waar		
	1.3.2	Waar		
	1.3.3	Waar		
	1.3.4	Onwaar		
	1.3.5	Waar		
			(5 × 2)	(10)
TOTAAL VIR AFDELING A:				40

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1 Geloofwaardigheid:
Onderwys en opleiding moet op nasionale en internasionale vlak waarde inhou en aanvaar word.
- 2.1.2 Buigsaamheid:
Onderwys en opleiding moet vir veelvuldige maniere voorsiening maak om dieselfde leerstandaarde te bereik.
- 2.1.3 Toegang:
Onderwys en opleiding moet maklike toegang tot toepaslike peile van onderwys en opleiding vir alle voornemende leerder voorsien.
- 2.1.4 Oordraagbaarheid:
Onderwys en opleiding moet die leerders toerus om hul krediete of kwalifikasie van een leersentrum of werkgewer aan 'n ander oor te dra.
- 2.1.5 Erkenning van vroeëre leer:
Onderwys en opleiding moet voorsiening maak vir die voorligting van leerders deur spesiaal opgeleide individue wat aan nasionaal erkende standaarde vir onderwysers en opleiers voldoen. (5 × 2) (10)
- 2.2 • Om 'n geïntegreerde nasionale raamwerk vir leerprestasie tot stand te bring
• Om toegang tot asook mobiliteit en vordering in onderwys en opleiding en op loopbaanpaaie te fasiliteer
• Om die gehalte van onderwys en opleiding te verhoog
• Om die regstelling te bespoedig van onregverdig diskriminasie in onderwys, opleiding en werkseleenthede in die verlede
• Om tot die volledige, persoonlike ontwikkeling van elke leerder asook die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die hele nasie by te dra (10)
- 2.3 • Volwassenes wil nie voorgesê word wat hulle moet doen nie.
• Hulle is aktief by die leerproses betrokke.
• Die leerklimaat bied vir volwassenes geleentheid om saam te werk, maar hulle is ook op hul eie aangewese en tree verantwoordelik op. Hulle is in beheer van hul eie leerproses.
• Volwassenes neem aan die beplanning van die leeraktiwiteite en die stel van leerdoelwitte deel.
• Evaluering is 'n wedersydse aktiwiteit tussen leerder en opleier.
• Leer is op ervaring en selfontdekking gebaseer.
• Opleiers konsentreer op die wederkerigheid van die leertransaksie.
• Opleiers moet steeds die proses bestuur of rig.
• Daar vind 'n tweerigtingkommunikasie plaas.
• Die leerklimaat moet gemaklik wees en moet deur verskeidenheid en mobiliteit gekenmerk wees

- Volwassenes moet weet waarom hulle iets leer.
- Volwassenes dra 'n groot hoeveelheid ervarings van gehalte tot die leerproses by.
- Daar moet vir individuele verskille betreffende ervaring voorsiening gemaak word.
- Volwassenes is gereed om te leer sodra hulle 'n behoefte ervaar om meer te weet of om iets te bereik.
- Volwasseneleer is lewens- en probleemgesentreerd en taakgerig.✓
- Die motivering om te leer, is intern en intrinsiek asook meer kragtig en aanhoudend by volwassenes. Dit sluit ook die behoefte aan erkenning, selfagting en selfverwesenliking in.
- Volwassenes leer na aanleiding van 'n behoefte aan kennis van iets en die leerproses vind nie noodwendig in 'n bepaalde volgorde plaas nie.
- Volwassenes wil graag hul nuwe kennis toepas en gebruik in 'n werksituasie of in die praktyk.
- Die moeilikheidsgraad word deur die volwassenes se vorige ervaring en bestaande kennis bepaal.
- Volwassenes moet die leermetodes kan toepas.
- Hulle kan verbande raaksien en self gevolgtrekkings maak.
- Volwassenes bou met hul nuwe kennis, vaardighede en houdings op bestaande kennis, vaardighede en houdings voort.
- Die opleier moet die leerproses nie struktureer nie, maar dit eerder volgens die leerders se behoeftes fasiliteer.
- Volwassenes wil graag die groter prentjie sien. (Enige 6 × 2)

(12)

- 2.4 2.4.1 Instrukteur:
Die instrukteur maak van verskillende metodes en media gebruik om opleiding in spesifiek 'n vaardigheid of 'n houding te gee.
- 2.4.2 Vakspesialis:
'n Vakspesialis het toepaslike kwalifikasies verwerf, ervaring en bevoegdheid opgedoen en belangstelling in 'n breë konteks ontwikkel.
- 2.4.3 Groepsfasiliteerder:
Hierdie opleier tree as kommunikasiespesialis op deur groepe te help om oplossings te bespreek en te evalueer en daaroor te besluit, wat tot samehorige werksgroepe lei.
- 2.4.4 Mediaspesialis:
Hierdie opleier kan met alle beskikbare media werk en is proaktief om die opleidingsafdeling te help om tegnologies gevorderde media aan te skaf.

(4 × 2)

(8)

[40]

VRAAG 3

- 3.1 Kommunikasievaardighede:
- Beïnvloed 'n groep om samehorig te wees en gestelde doelwitte en prestasiekriteria te bereik.
 - Bied 'n kursus aan om die opleidingdoelwitte te bereik.
 - Wend vraagstelling effektief aan om die leerders te help om te leer en hul doelwitte te bereik.
 - Luister effektief.
 - Tree met die groepe en die individue in wisselwerking en sosialiseer met hulle.
- Skryfvaardighede:
- Die vaardigheid om 'n leerdoelwit af te lei van 'n behoefte-/bevoegdheidsleemte
 - Die vermoë om navorsing oor 'n onderwerp te doen
 - Die vermoë om leermateriaal ordelik en logies neer te skryf
 - Om presies en volledig te wees (6 × 2) (12)
- 3.2
- Dit kan aangepas word/is buigsaam (vir klein of groot groepe).
 - Dit stimuleer en behou die leerders se aandag.
 - Dit kan by individue se leertempo aangepas word.
 - Dit is draagbaar.
 - Dit kan as alternatief gebruik word as die onderneming nie oor genoeg bevoegde opleiers beskik nie.
 - Die toerusting is betreklik goedkoop. (6 × 2) (12)
- 3.3
- Om begrip te toets
 - Om besprekings aan die gang te sit
 - Om 'n groep se aandag op 'n bepaalde punt te vestig
 - Om die leerders by die ontdekking van feite te betrek
 - Om die opgeleides se belangstelling aan die begin van die aanbieding te prikkel
 - Om vas te stel oor watter bestaande kennis die leerders beskik
 - Om die leerders se aandag tydens die kursus te behou
 - Om vas te stel watter probleme en moeilike kwessies ondervind word
 - Om assimilering te vergemaklik deur te hersien, te herhaal en die opgeleides te versoek om iets te herfraseer
 - Om met die uiteindelijke korrigerings van foute in die module te help
 - Om die opgeleides te laat voel hul gedagtes en gevoelens is belangrik
 - Om die opgeleides by te staan om by mekaar te leer en ander se menings te respekteer
 - Om te kontroleer of jy jou doelwitte bereik het
 - Om die opgeleides te stimuleer om kreatief te dink
 - Om die bedeesde of skaam persoon by die besprekings te betrek (Enige 12 × 1) (12)

- 3.4
- Die mededingende element van die speletjie kan die leerervaring oorheers.
 - Speletjies is duur.
 - Dit kan lank duur om dit klaar te speel.
- (Enige 2 × 2) (4)
[40]

VRAAG 4

- 4.1
- Die toerusting is betreklik duur.
 - Die voorbereiding verg tyd, kennis en vaardighede van die opleier.
 - Daar word 'n stabiele kragtoevoer vereis.
 - Die toerusting kan wegraak of korrup word, byvoorbeeld weens 'n rekenaarvirus.
 - Daar word vereis dat rugsteunkopieë gemaak word, ongeag of elektroniese of harde kopieë gebruik word, en dit verdubbel die berging van inligting.
 - Die leerder kan die inligting nie saamneem om dit later te raadpleeg nie.
 - Dit is moontlik dat die stelsels en programme onversoenbaar is.
 - Om rekenaars te gebruik, moet jy gemotiveerde leerders hê, en die leerders moet eers rekenaargeletterd wees voordat hulle iets op die rekenaar kan leer.
 - Rekenaartegnologie is besig om vinnig te verander, en ondernemings moet proaktief op hoogte van veranderinge en ontwikkelings bly.
 - Daar bestaan heelwat "tegnofobieë" (vrese vir tegnologie) en dit moet uit die weg geruim word voordat daar met opleiding begin kan word.
- (Enige 5 × 2) (10)

- 4.2
- 4.2.1 I – Belangstelling (*interest*)✓
Die opleier moet met behulp van 'n opwarmingsoefening die opgeleides se aandag en belangstelling behou of die huidige inhoud met dié van 'n vorige sessie in verband te bring asook entoesiasies en deeglik wees.✓
- 4.2.2 N – Behoeftes (*need*)✓
Die leerbehoefte moet geïdentifiseer word deur dit met die leerders te bespreek en by hul vertolking aan te pas.✓
- 4.2.3 T – Onderwerp (*topic*)✓
Die leerinhoud en die struktuur van die lesing moet verduidelik word.✓
- 4.2.4 R – Omvang (*range*)✓
Die moeilikheidsgraad asook hoe die opleiding by die posvereistes inpas, moet verduidelik word.✓
- 4.2.5 O – Doelwitte (*objectives*)✓
Die rede vir die opleiding moet verduidelik word en die leerders moet weet wat van hulle verwag word.✓

(5 × 2) (10)

- 4.3
- Foutiewe assosiasies
 - Swak korttermyngeheue
 - Swak langtermyngeheue
 - Ontoereikende inligting (4 × 2) (8)
- 4.4 Dit is 'n byeenkoms van mense om probleme op te los. Hierdie mense luister nie na sprekers nie, maar verdeel van die begin af in groepe vir besprekings. (2)
- 4.5
- Individue verkry verskillende perspektiewe deur in verskillende dele van 'n lokaal te sit.
 - Hulle leer hul mededeelnemers ken as hulle by geleentheid rondskuif.
 - Persone met gestremdhede word nie na die agterkant van die lokaal verban nie.
 - Die vorming van klieke (klein, geslote groepe) word sodoende verhoed.
 - Kommunikasie word beter gefasiliteer. (10)
- [40]**

VRAAG 5

- 5.1 Oriënterings-/inleidingsfase:
- Die deelnemers leer mekaar en die opleier ken.
 - Hulle word vertrou met dit wat hulle gaan leer.
 - Hulle verloor hul terughoudendheid en begin ontspan.
- Rede vir opleiding:
- Die spesifieke opleidingsdoelwitte word uiteengesit.
 - Die leerders word aan die opleidingsinhoud/-materiaal blootgestel.
 - Hulle kom meer te wete van die leermetode en die media wat gebruik gaan word.
- Samevatting:
- Opsommings
 - Vraag-en-antwoord-sessies
 - Evaluerings (4 × 3) (12)
- 5.2
- Demonstrasies maak die gaping tussen die teorie en die praktyk kleiner.
 - Al die sintuie word deur middel van demonstrasies by die leerproses betrek.
 - Dit bou selfvertroue op.
 - Dit is betreklik goedkoop om demonstrasies te gebruik.
 - Dit stel die leerders in staat om dadelik 'n vaardigheid te begin gebruik.
 - Dit kan in tegniese en nietegniese opleiding gebruik word. (6 × 2) (12)

- 5.3 Konvensie:
'n Groep afgevaardigdes van verskillende ondernemings, byvoorbeeld die WGO, kom byeen om die een of ander ooreenkoms oor 'n spesifieke onderwerp te bereik.
- Kongres:
Ondernemings wat oor 'n groot geografiese gebied versprei is, reël dikwels kongresse waarnatoe takkantore hul afgevaardigdes stuur. Hierdie afgevaardigdes kan dan oor nuwe beleide of veranderinge aan beleide besluit. Dit word deur 'n uitvoerende komitee en 'n voorsitter beheer.
- (4 × 2) (8)
- 5.4
- Realisties – driedimensioneel
 - Stimuleer meer as een sintuig
 - Maak demonstrasies moontlik
 - Geleentheid vir die leerders om te oefen
- (4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 6

- 6.1
- Die leerder se werkgewer kan negatief oor die proses wees.
 - Om effektief te wees, kan studiegroepe nie uit meer as 10 mense bestaan nie.
 - Die selfontwikkelingstegniek kan slegs slaag as kognitiewe vaardighede ingespan word.
 - Selfstudie is moeilik vir mense met leesgestremdhede.
 - Baie leerders is nie gedissiplineerd genoeg om by 'n studierooster te hou nie.
 - Dit is moeilik om gedrukte materiaal by te werk en te hersien.
 - Waardevolle leerervarings kan sodoende verlore gaan en die leerders se motivering kan ook vanweë minder wisselwerking met ander leerders en instrukteurs afneem.
- (Enige 5 × 2) (10)
- 6.2 Arbeidsintensiewe produksie – het betrekking op produksiemetodes waarvolgens meer arbeid gebruik word in verhouding tot die beskikbare tegnologie
- Kapitaalintensiewe produksie – het betrekking op produksiemetodes waarvolgens meer kapitaal in die gebruik van tegnologie en toerusting vir produksie belê word in verhouding tot die lone wat aan werkers betaal word
- (2 × 3) (6)

- 6.3
- Moeilik om woorde te herken as die opleiding in 'n ander taal aangebied word
 - Die leerder sukkel om inligting te herken weens 'n gebrek aan agtergrondinligting
 - Die leerder sukkel om te konsentreer
 - Verswakte sig
 - Verswakte gehoor
 - Gedragsprobleme
 - Fisiese geraas
 - Interne geraas weens moegheid of spanning (Enige 6 × 2) (12)
- 6.4
- Elke stelsel maak deel uit van 'n breër, meer algemene stelsel.
 - Substelsels word aan mekaar gekoppel en ondersteun die ondernemingstelsel.
 - Daar is logika en orde in elke stelsel.
 - Die stelselbenadering bestaan uit drie dele, naamlik *insette* wat tydens die *proses/deurset* in 'n *uitset* omgeskakel word.
 - 'n Verwerkingseenheid skakel insette deur middel van 'n proses in 'n uitset om.
 - Elke verwerkingstelsel beskik oor 'n ontvangsstelsel wat op sy beurt insette vir 'n ander verwerkingseenheid voorsien.
 - Stelsels word voortgedryf deur die terugvoering wat dit ontvang.
 - 'n Stelsel kan oop of geslote wees, maar opleidingstelsels is oop.
 - Aangesien die stelsels afhanklik is van die omgewing waarin dit funksioneer, is die omgewing ook van die stelsels afhanklik (dws wisselwerking vind plaas).
 - 'n Verandering in een substelsel lei tot 'n verandering in 'n ander substelsel. (10 × 1) (10)
- 6.5
- Hierdie tipes vrae moedig bespreking aan en laat ruimte dat daarop uitgebrei kan word. Hierdie vrae kan nie deur 'n 'ja' of 'nee' beantwoord word nie. (2)

TOTAAL VIR AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200